# CHRISTIANA KOMMUNIKASIE
# GROEPSREELS
## Met geringe wysiginge - 23 Oktober 2018

Die groep se doel is om te praat oor Christiana - krag, water, reen, probleme, verlore diere, klapper skieters, misdaad, dinge wat jou dwars in die krop steek, dinge wat jy waarneem in die dorp - al daardie normale goed waaroor ons moet kommunikeer met mekaar en mekaar help waar nodig.

Reels van die groep:
==1== Geen spam posts wat ge-copy word van die internet af nie (oor jou WhatsApp wat gaan expire, of jou facebook wat gehack gaan word). Dit mors ons almal se data en tyd en humeur.
==2== Weerhou om doellose kommentaar te lewer (soos Dankie, OK, al weer, ens) maar by alle mag en krag: dra by, gesels saam, deel wat jy sien, vra wat jy oor wonder!
==3== Fotos en video's: as dit iets is wat van belang is, sit dit op. Maar as dit nie van belang is vir die res van ons is: verwag n skop uit die groep.
==4== As jy iets plaas en n Admin vra dat jy dit verwyder, REMOVE FOR ALL onmiddelik. Aspris speel vir tyd, sal jou uit die groep geskop kry.

Hierdie is n oop groep (enige inwoner van die dorp kan aansluit) - laat weet gerus as ons iemand moet add.
Jy kan die groep "mute" as hy te besig word, dan maak jou foon geen geluid, maar boodskappe kom steeds stilletjies deur.
Aanvaar die "Admins" het ook ander dinge wat hulle doen en is nie hier 24/7 nie.

Nog so paar reels (wat eintlik baie voor-die-hand-liggend is), maar net om seker te maak ons almal is op dieselfde bladsy:
* Geen kru taal of Godslasterlike taal.
* Ons maak geen mense of groepe sleg of beledig iemand nie.
* Niemand mag in sy persoon aangevat word nie, behalwe op 'n "name and shame" basis en dan slegs wanneer daar bewysbare feite is oor 'n saak. Indien dit gedoen word sal die groep of die Admin nie enige verantwoordelikheid daarvoor dra of beskerming bied nie.
* Geen advertensies, koop of verkoop, promosies of funksies nie. Met uitsondering waar dit eers deur Admin goedgekeur is en dit ten bate van skole, kerke of soortgelyk is.
* Geen kettingbriewe / kettings posts / "oulike prentjies" mag geplaas word nie.
* Geen gelukwensings of persoonlike aankondigings nie.
* Moenie skinder of gerugte versprei of begin nie. Jy kan wel vra of 'n gerug waar is of nie.
* Hierdie is NIE n Telefoonboek / Geelbladsye / 1023 diens nie. Google het al die telefoon nommers - gebruik die ding!
* Admins is onder geen omstandighede verantwoordelik of aanspreeklik (hetsy sosiaal of regsaanspreeklik) vir enige uitlatings van enige lede van die groep nie.

Die beslissing van die admin oor die lys en verwydering van 'n nommer vanaf die groep is finaal.
Indien jy die groep gebruik, onderneem jy om by die letter en die gees van die reëls te hou.